2014

Jesus sterf vir jou

Dr. Jean Strydom

NG. Nelspruit-Suid

Lydenstyd

Inhoudsopgawe

1. **God dra jou donkerkant** **p. 3**

2. **Jesus word 'n wyle soos ons** **p. 5**

3. **Ek vergewe jou** **p. 7**

4. **Die keuse is joune** **p. 9**

5. **Ek sal jou nie alleen laat nie** **p. 11**

6. **In God se teenwoordigheid** **p. 13**

7. **Ek ken jou pyn** **p. 15**

8. **Ek sal jou vir altyd liefhê** **p. 18**

9. **Oorwinning** **p. 19**

1

God dra jou donkerkant

"Die donker is op sy donkerste as jy alleen daardeur moet gaan"

Ons praat altyd spottenderwys na geraamtes in die kas. Dit is daardie dinge wat jy diep en ver wegbêre in jou lewe. Niemand moet daarvan weet nie. Jyself is skaam daaroor. Wel, Jesus het ook daarvoor aan die kruis gesterf. Hy wou daardeur ook jou donkerkant op Hom neem sodat jy voluit kan lewe. Hy was bereid om jou sonderekening ten volle te vereffen.

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar wat die effek van die sondeval op jou lewe is?
2. Hoe dink jy sou alles daarna uitgesien het as daar nie 'n sondeval was nie?
3. In watter tipe situasies kom ons "slegte kant" die meeste na vore?
4. Die soldate tydens Jesus se kruisiging het hom verkleineer en daardeur hulself probeer verhef.
    a. Tot watter mate doen ons dit vandag? Ons spoeg nie op mense soos wat die soldate met Jesus gedoen het nie, maar watter dinge doen ons wat dalk dieselfde resultate het?
5. Lees weer Rom. 7:15-23.
    a. Tot watter mate kan jy jouself vereenselwig met Paulus?
    b. Wanneer dink jy oorwin 'n mens hierdie probleem?
    c. Wat is volgens Paulus die oplossing (Rom. 7:24)?
    d. In watter opsig is Jesus die oplossing vir hierdie probleem?
6. Hoekom dink jy vergelyk ons onsself altyd met ander?
7. Met wie moet ons onsself vergelyk en hoekom?
8. Lees Ps. 36:1-5; 51:5; Jer. 17:9; Rom. 3:10, 23; Ef. 2:3
    a. Wat staan vir jou uit in hierdie verse?
    b. Watter effek het dit op ons verhouding met God en met mekaar?
    c. In watter mate skets hierdie verse 'n donker prentjie van ons?
9. Lees Jer. 13:23 en Rom. 8:7

a. Watter hoop op veranderinge het ons, as ons net op ons eie kragte en insigte staatmaak?
b. Wat beteken dit as jy jou laat beheer deur jou sondige natuur? Wat is die resultaat van hierdie aksie?

10. Lees Rom. 6:23; Heb. 12:14; Spr. 10:16
    a. Wat is die gevolge van sonde?
    b. Wat is die gevolg van 'n lewe wat nie heilig is nie?
    c. Watter genadegawe is daar in 'n heilige lewe?
11. Lees Gal 3:13-14
    a. Wat het Jesus vir ons gedoen?
    b. Hoekom het Hy dit gedoen?
    c. Wat het Hy bereik deur dit te doen?
12. Probeer jouself vir 'n paar oomblikke in Jesus se skoene plaas daar waar Hy aan die kruis hang...Wat voel jy?...Wat dink jy? Onthou Jesus het dit vir jou gedoen!

Notas:

2
Jesus word vir 'n wyle soos ons

"Alhoewel Hy self God was, het Hy nie vasgeklou aan die Goddelikheid wat Hom toekom nie, maar Hy het dit prysgegee: Hy het 'n slaaf geword en aan mense gelyk geword."

Fil. 2:6 (NLV)

Besprekingsvrae:

1. Op 'n dag het God vanuit die hemelse troonsaal neergedaal na die aarde en mens geword. Hy het een van ons geword. Meteens is Hy, die koning en skepper van die heelal, gebonde aan tyd en ruimte. Hy het beweeg van die onbeperkte na die beperkte, van die sondelose na 'n sondegevulde ruimte, 'n gevangene in vlees. Vir meer as drie dekades sou dit Sy bestaan wees.
    a. Wat dink jy sou die moeilikste wees om die onbeperkte met die beperkte te verruil en hoekom?
    b. Is dit maklik vir jou om aan Jesus as volledig mens te dink, maar ook terselfdertyd Goddelik en sondeloos?
    c. Hoekom dink jy het Jesus een van ons geword?
    d. Watter verskil maak die feit dat Hy mens geword het in jou lewe?
2. Terwyl Jesus op aarde was, het Hy werklik moeite gedoen om die wil van die Vader te doen. Hy het tyd gemaak om te luister na die Vader. Hy het waarlik vir ons kom wys hoe om te lewe. Hy was immers sondeloos. Maar met die opsit van die doringkroon op sy kop was dit simbolies van die sonde wat Hy op hom, sy sondelose toestand geneem het. Dorings is die gevolge van sonde. Hoekom? Want reeds in die tuin van Eden kom dit ter sprake. Na die sondeval het die aarde dorings na vore gebring. Dis 'n direkte resultaat van die sonde. God het die aarde vervloek.
    a. Gesels oor die toepaslikheid van "dorings" in jou lewe. Dorings as die gevolg van jou verkeerde optrede.
    b. Hoekom dink jy dat die dorings wat op Jesus se kop geplaas was, 'n kroon genoem is?
3. Ek en jy is waarlik mens en word daagliks blootgestel aan die sondige wêreld. Elke dag moet ons daarteen baklei. Saam met die doen of die gevolge van sonde is daar

altyd emosies. Jesus was waarlik mens, maar mens wat nie sonde gedoen het nie. Hy was sondeloos, tot Hy aan die kruishout elke mens se sonde op Hom geneem het. Dit is toe dat al die emosies van 'n sondebelaaide lewe op Hom gestort is. Hy het die angs, skuldgevoel en om alleen te wees ens. gevoel.

   a. Beskryf van die emosies wat jy al ervaar het as gevolg van jou sonde.
   b. Hoe weet ons dat Jesus emosies getoon het as gevolg van die mensdom se sonde wat Hy op hom geneem het?
   c. Watter emosies dink jy het Hy ervaar?
   d. Hoekom veroorsaak sonde hierdie pynlike emosies in ons?

4. Ons is geneig om vinnig te vergeet dat Hy die hemelse kroon verruil het vir 'n doringkroon. Hy het dit beslis nie vir Homself gedoen nie, maar net vir jou.
   a. Hoe laat dit jou voel om te besef Hy het dit vir jou persoonlik gedoen?
   b. Hoe weet jy dat al hierdie dinge waar is?
5. Lees Johannes 19:2-3
   a. Wat het die soldate in hierdie teksgedeelte gedoen?
   b. Wat wou hulle bereik deur dit te doen?
   c. Hoekom dink jy het Jesus bly staan dat hulle Hom so behandel?
6. Lees Kolossense 1:19 en Johannes 1:14
   a. Wat leer hierdie gedeeltes ons van Jesus?
   b. Wat leer ons van Sy heiligheid en menslikheid vanuit hierdie gedeeltes?
   c. Wat bedoel Johannes as hy sê "...ons het sy heerlikheid gesien.."?
   d. Watter hoop hou dit vir jou in as Johannes skryf dat Jesus vol genade en waarheid is?
   e. Dink jy God woon met sy volle wese in ons en spesifiek in jou?
7. Lees 1 Petrus 1:18-20
   a. Met wat is jy gekoop ten einde uit jou sondige toestand te kom?
   b. Hoekom moes Jesus se bloed vloei en hoekom verwys Petrus na Jesus as die "Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is"?
8. Lees Matteus 27:45-46
   a. Waarom dink jy was daar duisternis?
   b. Hoekom het Jesus hard uitgeroep?
   c. Hoekom het God Jesus op hierdie stadium verlaat?
   d. Lees Psalm 22 om meer insig te kry.

3

Ek vergewe jou

"Julle was eintlik dood omdat julle gesondig het en omdat julle sondige geaardheid nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewendig gemaak. Hy het ons al ons sondes vergewe."

Kol 2:13 (NLV)

Besprekingsvrae:

1. Sal jy daarvan hou as iemand 'n lys sien van al jou swakpunte? Wat daarvan as hierdie inligting in die media sou versprei? Hoe sou jy voel as daar by jou voordeur so 'n groot lys met al jou swakpunte opgesit word? Ek dink niemand sal daaroor goed voel nie. Praat bietjie met die ander in jou groep oor hoe jy dink mense jou sou hanteer as hulle al hierdie dinge weet?
2. As jy mooi daaraan dink, dan hang hierdie lys van dit wat jy verkeerd gedoen het saam met al jou swakhede aan die kruis. Ja, al jou swak besluite en lewensfoute asook jou negatiewe gesindheid.
    a. Dink jy regtig daar is so lys waar al die "hemelinge" dit kan sien?
    b. Indien wel, hoe laat dit jou voel?
3. Sjoe, die wonder van alles is dat ons 'n genadige en liefdevolle God aanbid. Hierdie lys met al jou foute is nie daar vir almal se oë nie. God bedek dit, die bloed van Jesus vee dit uit en niemand kan dit in die hande kry om vir die wêreld te verklap nie.
    a. Hoe dink jy bedek God ons "lysie"?
    b. Hoe laat dit jou voel om te besef dat hierdie lys slegs vir God se oë is?
4. Sonde is die een ding wat elkeen van ons raak en die Bybel sê dat die prys van sonde is die dood. God het nog altyd geweet dat die bron van jou sonde jyself is en dat jy eintlik die dood verdien, maar omdat jy so spesiaal is vir Hom kon Hy nie sien dat jy verlore gaan nie.
    a. Hoekom is dood die prys op sonde? Is dit nie bietjie radikaal nie?
    b. Hoe laat dit jou voel om te weet dat Jesus jou sondes op Hom geneem het?
    c. Hoekom het Hy dit gedoen?

5. Lees Hand. 2:22-24
    a. Hoe beskryf Petrus Jesus se bediening?
    b. Wie was dit regtig wat Jesus aan die kruis laat spyker het?
    c. Hoekom dink jy gebruik Lukas hierdie grafiese woorde..."aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak"
6. Lees Kol. 2:13-14
    a. Wat het God vir ons gedoen?
    b. Hoe het Hy dit reggekry?
    c. As die sonde en sondige natuur ons dood maak, hoe het Jesus ons dan lewend gemaak?
    d. Wat leer vers 14 jou van vergifnis?
7. Lees Rom. 3:22-25
    a. Wat beteken dit om nie deel aan die heerlikheid van God te hê nie?
    b. Wat beteken dit om vrygespreek te wees?
    c. Hoe aktiveer geloof in Christus hierdie vryspraak?
    d. Hoe weet jy dat jy jou geloof, in die werke van Christus aan die kruis geplaas het?
    e. Wat moet die impak daarvan op jou lewe te wees?
8. Opdrag: Een manier om vir God te bedank vir al jou sondes wat Hy vergewe het is om uit te gaan en self te vergewe. Is daar iets of iemand in jou lewe wat jy moet vergewe? Vra die Here om jou daarmee te help. Laat Sy vergifnis vir jou deur jou vloei na ander.

Notas:

4

Die keuse is joune

"Daar het hulle Hom gekruisig, en saam met Hom ook twee ander, aan weerskante van Jesus, met Hom in die middel."

Joh. 19:18 (NLV)

Besprekingsvrae:

1. Die lewe is vol keuses. Kain en Abel, beide die seuns van Adam, die een kies God en die ander een kies moord, en God laat dit toe. Dawid en Saul, beide konings van Israel. Dawid kies God en Saul kies mag, en God laat dit toe. Petrus en Judas, beide ontken Jesus. Petrus soek genade en Judas soek die dood, en God laat dit toe. Hierdie is maar enkele voorbeelde van waar God ons toelaat om ons eie keuses te maak. Toe Jesus op aarde was het hy die moontlikheid van keuses ook baie duidelik gemaak. Ons kon kies. Kyk na die volgende gedeeltes en sien die keuses daarin:
    a. Matt 7:13-14
    b. Matt 7:24-27
    c. Matt 6:24
    d. Matt 25:32-33
2. Elke dag maak ons keuses, groot en klein, belangrik en minder belangrik. Tog beïnvloed keuses ons lewens.
    a. Watter faktore beïnvloed jou keuses die meeste, is dit goed soos liefde, vrees, jou sin vir reg en verkeerd....?
    b. Hoekom dink jy laat God toe dat ons ons eie keuses maak?
    c. As jy groot keuses moet maak, hoe gaan jy te werk?
3. God laat toe dat ons keuses maak wat ons ewige lewe beïnvloed.
    a. Wat is hierdie ewigheids-keuses?
    b. Is dit regverdig dat sommige keuses ewigheidsimplikasies het?
4. Die man aan die kruis het met een keuse, 'n ewigheid van verkeerde keuses uitgevee.
    a. Is dit regverdig, dat jou slegte keuses deur een goeie keuse uitgevee word?
    b. Is dit die moeite werd om jou keuse vir Christus uit te stel tot op nommer 99?

5. Lees Matt 27:38-44 en Luk. 23:39-43
    a. Gesels bietjie oor die tipe mans wat langs Jesus gekruisig was.
    b. Dink jy dis net toeval dat Jesus in die middel van die 2 mans gekruisig is of het dit verder te doen met die effek van ons keuses in die lewe?
    c. Hoe weet ons dat een van die mans 'n hartsverandering ondergaan het?
    d. Wat dink jy het hierdie hartsverandering teweeg gebring?
    e. Hoe het Jesus gereageer en hoekom het Hy so gereageer?
6. Lees Kol. 1:12-14
    a. Wie het die inisiatief in hierdie teks geneem?
    b. Waarin het ons deel en hoe was dit moontlik gemaak?
    c. Uit wat is ons verlos en wat het ons ontvang?
7. Lees Deut. 30:19-20 en Jos 24:14-15
    a. Voor watter keuses kom ons te staan?
    b. Wie moet besluit?
    c. Watter keuse het jy in hierdie verband gemaak?

Notas:

5

Ek sal jou nie alleen laat nie

"Hy het ons verlos uit die mag van die duisternis en ons oorgebring onder die koningsheerskappy van sy geliefde Seun"

Kol. 1:13 (NLV)

Besprekingsvrae:

1. Wanneer laas het jy gekyk hoe 'n ma haar baba koester of self as die pa die baba vashou en op so 'n besondere manier na haar kyk. Let bietjie volgende keer op na jong ouers. Dalk onthou jy nog goed toe jou kinders babas was. Ouerskap herinner my altyd aan sekere aspekte van God se liefde. Een daarvan is dat Hy jou nie sal los nie. Hy sal jou nie alleen in die lewe agterlaat nie.
    a. Vertel vir mekaar wat dit is wat ouers se liefde vir hulle kinders so magtig maak.
2. Het dit jou nie ook al laat dink dat ons as mense, wat so selfsugtig en geneig is om die verkeerde te doen, so vol liefde kan wees vir kinders, hoeveel te meer is die liefde van die Vader wat Heilig is nie?
    a. Vertel vir die ander hoe ervaar jy die Vader se liefde.
    b. Hoe het Hy sy liefde aan jou persoonlik bewys?
    c. Hoe voel jy as ouers as een van jou kinders teen jou rebelleer?
    d. Hoe dink jy voel die Vader?
3. Lees weer die verhaal van die verlore seun in Luk. 15:11-24
    a. Wat het die jong seun gemotiveer om die huis te verlaat?
    b. Wat het met hom gebeur nadat hy die huis verlaat het?
    c. Hoe het hy gereageer nadat hy nie meer geld oor gehad het nie en watter planne het hy gemaak?
    d. Hoe het sy pa gereageer op sy terugkoms?
    e. Vergelyk vers 19 en 21. Watter deel het sy pa nie toegelaat dat hy dit sê nie?
    f. Hoekom het die pa so opgetree en wat sê dit vir jou van God se hart?
4. Lees Romeine 5:6-11. Hierdie is 'n baie besondere gedeelte wat vir ons vertel tot watter uiterstes God gegaan het vir ons.

a. Wanneer het Jesus vir die goddeloses gesterf en wie is die sogenaamde goddeloses?
b. Watter kontras gebruik hierdie gedeelte om die liefde van God vir ons te demonstreer? Wat is so buitengewoon daaraan?
c. Wat dink jy beteken dit om "vrygespreek" te wees?
d. Wat beteken dit om deur die straf van God gered te word deur die dood van Jesus?
e. Wat is volgens jou die konneksie tussen "versoen" en "vrygespreek"?
f. Wat is ons reaksie veronderstel om te wees nadat versoening plaasgevind het?

5. In 2 Kor. 5:19 vertel Paulus vir ons weereens van die uiterstes waartoe God gegaan het om ons weer deel van Hom te maak.
   a. Lees die vers weer deur. Wat tref jou die meeste in hierdie gedeelte?
   b. Wat beteken dit prakties dat hierdie boodskap van versoening aan ons toevertrou is?
6. Vergelyk die verhaal van die verlore seun in Luk. 15:11-24 met die tragiese verhaal van Dawid en Absolom in 2 Sam. 13-19:8. In watter opsigte is hierdie verhale dieselfde en tog ook verskillend? Wat kon Dawid dalk gedoen het om die tragedie te vermy?
7. As jy nog kinders het, dink bietjie aan iets spesiaal wat jy vir hulle kan doen, ten einde jou onvoorwaardelike liefde te wys.

Notas:

6

In God se teenwoordigheid

"Dit is aan Hom te danke dat albei van ons deur die een Gees toegang tot die Vader het."
Ef. 2:18 (NLV)

Besprekingsvrae:

1. God was nog altyd Heilig en Hy het dit baie duidelik gemaak toe daar godsdienstige wette neergelê is. Vir bykans meer as 1500 jaar was die allerheiligste die plek wat nie vir enige mens beskore was nie. Slegs die hoë priester kon een maal per jaar daar ingaan en elkeen kon ook net een keer in sy leeftyd daar ingaan.
    a. Wat beteken die woord "heilig" vir jou?
    b. Hoe sal jy die woord verduidelik aan iemand wat nog nooit daarvan gehoor het nie?
    c. Hoekom is God so gesteld daarop om Sy heiligheid aan ons te kommunikeer?
    d. Maak dit enigsins 'n verskil aan jou, die feit dat God heilig is?
2. Ons weet almal dat tydens die kruisiging van Jesus het die voorhangsel van die tempel in twee geskeur, wat beteken dat ons nou toegang het tot God, natuurlik op 'n gans andere manier as tevore. Jesus was die een wat dit moontlik gemaak het. Hy was die mediator tussen God en mens.
    a. Wat is volgens jou, 'n mediator?
    b. Hoe is Jesus ons mediator by God?
    c. Jesus het God vir ons "naby" gebring. Hoe gereeld maak jy gebruik van hierdie "nabyheid" van God?
3. Ek en jy is enige tyd welkom in God se teenwoordigheid, daardie skeiding wat vroeër daar was is vir ewig verwyder. Die skeiding van sonde.
    a. Hoe is hierdie skeiding van die "sondegordyn" verwyder?
    b. Watter verskil maak dit vandag prakties in jou lewe?
4. Tog is ons soms geneig om weer die skeiding tussen ons en God terug te sit, dalk nie meer die fisiese gordyn nie, maar die "gordyn van ons hart" . Ons skuldgevoel word baie keer hierdie gordyn tussen ons en God se teenwoordigheid.

a. Wat is die oorsaak daarvan dat jy somtyds 'n "gordyn" tussen jou en God opsit?
b. Hoe kan jy keer dat skuldgevoel nie soos 'n gordyn word tussen jou en God nie?

5. In Lev. 10:1-3 en 16:1-2 lees ons van God se heiligheid en die gevolge daarvan as Hy as heilige God nie gerespekteer word nie.
   a. Hoekom het Aaron se twee seuns gesterf volgens Lev. 10?
   b. Wie het dit gedoen en wat kan ons hieruit leer?
   c. Wat leer ons uit Lev. 10 en 16 oor hoe God genader moet word?
6. Lees Matt. 27:50-51
   a. In hierdie gedeelte word vertel van die voorhangsel wat geskeur het van bo tot onder. Hoekom dink jy het dit juis van bo na onder geskeur en nie andersom nie?
7. Efesiërs 2:13-18 vertel Paulus vir ons hoe Christus deur sy kruisdood die muur tussen Jood en Griek afgebreek het, sodat ons almal toegang het tot die Vader en ons in Jesus verenig is as nuwe mensheid.
   a. Lees die gedeelte en deel met die ander wat jou diep getref het
   b. Op watter manier kry ons toegang tot die Vader volgens vers 18?
8. Lees 1 Tim. 2:5-6
   a. Wie is die middelaar tussen God en mens en hoekom is Hy die middelaar?
   b. Wat het dit Jesus gekos ten einde ons middelaar te wees?
9. Lees Heb. 10:19-22; 4:16
   a. Met watse gesindheid kan ons God nader en hoe is dit moontlik?
   b. Analiseer saam met jou groep vers 22 en gesels oor die praktiese implikasies van die gedeelte

Notas:

7

Ek ken jou pyn

"Hierdie Hoofpriester van ons kan ten volle met ons in ons swakhede saamvoel, want Hy is in elke opsig op dieselfde manier as ons versoek, maar Hy het nie voor die sonde geswig nie."
Heb. 4:15 (NLV)

Besprekingsvrae:

1. Hoekom was Jesus vir meer as 30 jaar op aarde? Waarom nie net lank genoeg hier gebly om vir ons sondes te sterf en dan weer teruggegaan hemel toe nie?
    a. Watter vrae van ons sou waarskynlik onbeantwoord gebly het?
2. Aan die kruis het hulle vir Jesus 'n mengsel van wyn en mirre aangebied. Lees Mark 15:22-24
    a. Waarom dink jy het Jesus geweier om dit te aanvaar?
    b. Sou jy anders teenoor Jesus gereageer het indien hy iets aan die kruis geneem het wat die pyn sou verminder?
3. Jesus is self deur baie pyn en lyding aan die kruis. Dink jy Hy verstaan waardeur jy gaan as jy deur 'n moeilike tyd gaan?
    a. Dink jy Hy verstaan jou en jou omstandighede?
    b. Somtyds is dit asof sommige mense nie glo dat Jesus weet waardeur hulle gaan nie. Hoe dink jy sou jou gesindheid verander indien jy werklik glo dat Jesus jou pyn ken en verstaan?
    c. Wat beteken dit dat ons Jesus op 'n daaglikse basis kan vertrou?
4. Jesus was tot die einde toe gedetermineerd om die profesie oor die Messias te vervul.
    a. Hoe help die vervulling van die profesieë oor Jesus, ons om God te vertrou?
    b. Watter van die baie profesieë wat vervul is help jou die meeste om God te vertrou?
5. Lees Joh. 19:28-30
    a. Hoe verskil hierdie gedeelte van die een in Mark 15:22-24?
    b. In watter opsig was hierdie 'n vervulling van 'n profesie en hoekom was dit belangrik om dit uit te voer of in vervulling te bring?
6. Lees Heb. 4:15-16

a. Hoekom word Jesus ons hoë Priester genoem?
b. Hoekom is dit vir Jesus om te simpatiseer met ons swakheid?

7. Lees 2 Kor. 1:3-5
    a. Wat word God in hierdie gedeelte genoem?
    b. Hoekom vertroos God ons?
    c. In watter opsig is daar 'n verband tussen ons swaarkry en ons vertroosting?
8. Probeer in hierdie komende week God se ontferming teenoor mense uitleef. Ja, al vra dit dat jy uit jou gemaksone sal beweeg.

Notas:

8

Ek sal jou vir altyd liefhê

"Dit is volmaakte liefde: nie dat ons vir God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun as versoeningsoffer gestuur het om ons sondes weg te neem."
1 Joh. 4:10 (NLV)

Besprekingsvrae:

1. Hoe kan God 'n God wees wat oordeel, maar ook 'n God wees wat vryspreek en barmhartig is?
2. Hoe kan hy die sondaar vryspreek sonder om die sonde te onderskryf?
3. Kan 'n heilige God ons foute oorkyk?
4. Kan 'n genadige God ons straf vir ons sondes?
5. Hoe is die kruis van Jesus, God se oplossing vir hierdie dilemma?
6. By die kruis is die plek waar God sy kinders vergewe sonder om sy standaarde te verlaag. Die vraag is hoe kon Hy dit doen? In kort het God ons sondes op Jesus geplaas en Hom daarvoor gestraf.
    a. Hoe wys die kruis vir ons God se heiligheid en sy liefde?
    b. Hoe het God ons sondes op Jesus geplaas?
    c. Wat was nodig van Jesus voor dit kon gebeur?
7. 'n Mens sou tog dink dat daar 'n limiet is aan God se liefde vir ons, maar kyk ons na Dawid, Paulus en Petrus dan sien ons dit is nie die geval nie. God se liefde het nooit opgeraak nie.
    a. Hoe laat dit jou voel?
    b. Hoe kan jy ander help om die eindelose liefde van God te ervaar?
8. Lees Joh. 3:16-18
    a. Wie kry volgens hierdie gedeelte die ewige lewe en hoe word dit verkry?
    b. Hoekom het God Jesus volgens vers 16 na die wêreld gestuur?
    c. Wat het Jesus nie kom doen nie volgens vers 17?
    d. Watter waarde hou vers 18 vir jou in?
9. Lees 2 Kor. 5:21
    a. Wat het God met Jesus gedoen?

b. Vir wie het Hy dit gedoen?
c. Hoekom het Hy dit gedoen?
d. Het dit enige impak op jou lewe?

10. Lees Rom. 5:8.
    a. Hoe laat hierdie gedeelte jou voel?
11. Lees 1 Joh. 4:10.
    a. Tot watter mate ervaar jy in jou alledaagse en geestelike lewe die liefde wat God vir jou het?
12. Lees Rom. 11:22
    a. Gesels bietjie oor die twee kante van God. Het jy dit al ervaar?
    b. Wat wil Paulus vir jou sê vanuit hierdie gedeelte?
13. Neem Joh. 3:16 en gaan slaan dit na in soveel moontlike vertalings. Hoekom? Soms raak ons so gewoond aan hierdie bekende vers dat ons nie meer die impak daarvan besef en ervaar nie. Lees die verskillende vertalings se weergawes en laat toe dat die vers weer opnuut 'n impak in jou lewe maak.

Notas:

9

Oorwinning

"Aan God kom ons dank toe - Hy wat aan ons die oorwinning oor die sonde en die dood gee deur Jesus Christus ons Here."

1 Kor. 15:57 (NLV)

Besprekingsvrae:

1. Op die eerste Sondag, drie dae na die kruisiging is die dood finaal oorwin. Jesus Christus het opgestaan uit die dood en vir ons die oorwinning behaal.
    a. Wat beteken dit vir jou dat Hy opgestaan het uit die dood?
    b. Watter impak het die "Opstandingsdag" in jou lewe?
2. Lees Johannes 19:38-40 en 20:3-9
    a. Wie het Jesus se liggaam geneem om begrawe te word? Wie was veronderstel om dit te doen?
    b. Hoekom dink jy het hulle meer waagmoed aan die dag gelê as Jesus se ander dissipels?
    c. Hoe kan ons aflei uit hierdie eerste gedeelte dat Jesus werklik dood was?
    d. Dink jy dat sommige gelowiges leef asof Jesus nie opgestaan het nie, dit dus nie werklik glo nie?
3. Lees Kol. 2:15
    a. Hoe het God die kruis, as simbool van die dood verander na iets wat van lewe spreek?
    b. Dink jy Satan het verwag dat hy oorwin sal word deur die kruis?
    c. Wat beteken hierdie vers vir jou in jou praktiese alledaagse lewe?
4. Lees Kol. 3:1-5
    a. Hoe en wanneer is of word ons saam met Christus uit die dood opgewek?
    b. Hoekom is dit belangrik om te strewe na die dinge daarbo waar Christus is en wat beteken dit prakties?
    c. Wat beteken dit dat ons lewe saam met Christus verborge is in God?

d. Die feit dat Christus wat die dood oorwin het, ook ons lewe is, beteken dat iets aan ons verander het. Kan mense sien dat jy anders is?

5. Gesels oor die karaktereienskappe van 'n opstandingslewe en hoe ons as gelowiges mekaar kan help om 'n opstandingslewe te leef.
6. Lees 2 Kor. 2:14
    a. Wat dink jy is hierdie triomftog waarvan hier gepraat word?
    b. Hierdie vers sê dat ons deel het aan die oorwinning saam met Christus omdat ons een is met Hom. Die vraag is of jy 'n oorwinningslewe leef? Praat met mekaar oor hoe so 'n lewe lyk en hoe kan ons dit leef, as ons dit nog nie regkry nie.
7. Dank God vandag vir die oorwinning wat jy saam in Christus het oor die dood.

Notas: